



Jesus loop op die water



Voorbereide lees werk vir die aanbieder

Matteus 14: 22 – 33
Markus 6: 45 – 52
Johannes 6: 16 - 21



Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Vampier- tande jellielekkers
Werkkaart van die storm
Skêre, gom en inkleurkryte
Roomysstokkies
’n Appel/tennisbal vir elke groep



Lesinhoud

Na die vermeerdering van die brode en vissies stuur Jesus sy dissipels vooruit oor die see van Galilea na Kapernaum. Die kans is goed dat Jesus Sy dissipels bietjie wou laat rus. Hy noem aan die dissipels dat Hy al die mense gaan huis toe stuur en daarna sou Hy hulle volg.

Teen vroegeand het Jesus van die strand af gesien dat die dissipels swaar roei. Daar was ’n sterk wind en die see was onstuimig. Jesus het alleen teen die berg opgeklim om te gaan bid – daar het Hy tot baie laat die nag gebly. Intussen het die erge wind veroorsaak dat die dissipels van koers af gedryf het en moes veg teen groot golwe.

Kort voor dagbreek, so tussen 3 uur en 6 uur die oggend, het Jesus besluit om na Sy dissipels te gaan. Teen hierdie tyd was die dissipels in hulle boot omtrent so 6 km weg van die kantaf. Terwyl hulle nog soroei, sien hulle skielik iemand wat op die water “loop” nie ver van die bootjie af nie. Natuurlik skrik die dissipels hulle boeglam vir hierdie verskynsel en almal skree verskrik: “Spook! Spook!” Almal op die boot het die figuur op die water gesien. Maar Jesus sê dadelik: “Wees rustig, bedaar, hou op skreeu, hou op bangwees, dis Ek.” Petrus was nie seker dat dit regtig Jesus was nie, en sê toe: “Here, as dit regtig U is, sê ek moet op die water na U toekom.”

“Nou kom dan, hoekom wag jy?” het Jesus gesê. Petrus het uit die boot geklim en bo-op die water na Jesus toe begin stap. Toe Petrus egter rondkyk en sien hoe groot die golwe was en hoe sterk die wind, het hy bang geword. Net daar het hy begin sink. Toe Petrus na Jesus terugkyk en roep: “Here, red my!” het Jesus Sy hand uitgesteek en Petrus opgetrek uit die water. “Ai, Petrus, hoekom is jou geloofsomin-jymoet net in My glo,” het Jesus vir hom gesê.

Altwee het terug geklim in die boot en dadelik het die wind gaan lê. Die dissipels was heeltemal uit die veld geslaan van verbasing. Hulle het Hom aanbid en geprys as die Seun van God, maar Sy grootheid het tog nie regtig by almal van hulle ingesak nie.

Toe hulle aan die oorkant land, het mense Jesus herken en haastig vir almal in die omgewing van Sy koms laat weet. Al die siek mense van die omtrek het dadelik na Jesus gestroom.




Vragies vir slim oortjies

- KanditdalksovlakgeweeshetwaardiedissipelssebootjiewasdatJesusnie regtigopdiewatergeloophetnie, maaropsand?
- Watwasdiedissipelssereaksietoehulle'npersoonopdiewater sienloophet?
- WattereenvandiedissipelswounaJesusgaan?
- Wathettoegebeur?



Kaartwerk

WaaropdiekaartvanGalileapasJesusseloopopdiewaterin?Komonsgaansoekdie regte plek!



Besprekingspunte

- Wievanjullekangoedswem?
- jykennandwatopwaterkanloop?(selfsal oefen jydagennagsalonsditnoot kan regkry nie!)
- Watsestormskanonslewenstref?(siekte, egskeiding, doodens).
- Moetonsbangwordasdaarsulke"storms"kom?(Nee, onsmoetonsoëopJesus hou).



Lewensles

InmoeilikesituasiesmoetjyjouoëopGodhou. Moenienadie"storm"kyknie–maarna God.



Ons gebed vir vandag

HereJesus, onsoëissobaiekereopdie"storm"–opergetoetseenkwaaijuffrouensen min geld en maatjies wat lelik is met ons en ander bekommernisse. Asseblief help ons om ons oë op U te hou.

Amen



Idees vir VET pret

Ietswat"bang-makerig"issoosspinnenkoplekkertjiesofvampier-tande. Onslaatonnie bangmaak deur nonsies nie, ons hou ons oë op Jesus!



Kreatiewe aktiwiteit

Rol die golwe op blou papier af. Knip die golwe en boot uit. Knip 'n keep groot genoeg vir die mannejie om deur te pas in die boonste ry golwe. Knip die mannetjie uit en plak hom aan 'n roomystokkie vas. Steek nou die stokkie van onder af deur die keep wat in die golwe geknip is. As die mannetjie sy oë op Jesus hou, bly hy bo. As hy sy oë wegvat van Jesus af, trek jy hom onder die water in!



Vers vir die week

Matteus 14: 27 - 28


“Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie. Toe sê Petrus vir Hom: Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.”








Net vir die lekker

Maak twee spanne en staan in 'n ry. Die span moet 'n appel van voor tot agter aangee. Hulle mag nie hande gebruik nie. Hulle moet die appel met hulle kenne vasknyp en so aangee. As die appel val, moet jy dit optel en weer probeer. Die span wat eerste klaar is, wen.

Jesus loop op water



Jesus loop op water



Jesus loop op water

